kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Rituele van toegang (en afsluiting)

Skriflesing: Markus 1:4-11

Broodjies vir die pad

"The Church does not dispense the sacrament of baptism in order to acquire for herself an increase in membership but in order to consecrate a human being to God and to communicate to that person the divine gift of birth from God."
— Hans Urs von Balthasar, Unless You Become Like This Child

"Birthdays, like weddings, anniversaries, baptisms, bar mitzvahs, wakes, are occasions to retie family ties, renew family feuds, restore family feeling, add to family lore, tribalize the psyche, generate guilt, exercise power, wave a foreign flag, talk in tongues, exchange lies, remember dates and the old days, to be fond of how it was, be angry at what it should be, and weep at why it isn't."
— William H. Gass, The Tunnel

Thirty years in the making, William Gass's second novel first appeared on the literary scene in 1995, at which time it was promptly hailed as an indisputable masterpiece. The story of a middle aged professor who, upon completion of his massive historical study, Guilt and Innocence in Hitler's Germany, finds himself writing a novel about his own life instead of the introduction to his magnum opus. The Tunnel meditates on history, hatred, unhappiness, and, above all, language.

https://www.goodreads.com/book/show/156182.The_Tunnel

"There is a reality in blessing, which I take baptism to be, primarily. It doesn't enhance sacredness, but it acknowledges it, and there is a power in that."
— Marilynne Robinson, Gilead

"Perhaps the art of harvesting the secret riches of our lives is best achieved when we place profound trust in the act of beginning. Risk might be our greatest ally. To live a truly creative life, we always need to cast a critical look at where we presently are, attempting always to discern where we have become stagnant and where new beginning might be ripening. There can be no growth if we do not remain open and vulnerable to what is new and different. I have never seen anyone take a risk for growth that was not rewarded a thousand times over."
— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Invocations and Blessings

Kladboek

Aan't kaste regpak ontdek sy 'n kladboek
met geparste blare, elk benoem, maar
kinderlomp ingeplak. Voor haar
val 'n kleintyd oop met langsteel-poinsettias
by die agterdeur wat jaarliks wit en taai
sou bloei as haar pa die stele einde Julie
stomp afsnoei. Speel-speel en gedagtig
aan Gandhi het sy frangipani's geel
en melkerig om haar nek gestring, min wetend
dat dié vlesige blare gou tot vrot sou
verwring.
Daar is moerbei- en varingblare, grysgroen
verdroog, en ragfyn konfetti van 'n doringboom
oor die tafel gestrooi. Sy huiwer oor dié
kleinood,
plaas dit by 'n bondel papier om dalk later te
herwin –
maar dralend bly die herinnering.

Eunice Basson

"The great question that will be with us throughout this entire book: What did Jesus actually bring, if not world peace, universal prosperity, and a better world? What has he brought?

The answer is very simple: God.... He has brought God, and now we know his face, now we can call upon him. Now we know the path that we human beings have to take in this world. Jesus has brought God and with God the truth about our origin and destiny: faith, hope and love. It is only because of our hardness of heart that we think this is too little. Yes indeed, God's power works quietly in this world, but it is the true and the lasting power. Again and again, God's cause seems to be in its death throes. Yet over and over again it proves to be the thing that truly endures and saves."
— Pope Benedict XVI (Joseph Ratzinger), Jesus of Nazareth: From the Baptism in the Jordan to the Transfiguration

"We cannot make the Kingdom of God happen, but we can put out leaves as it draws near. We can be kind to each other. We can be kind to ourselves. We can drive back the darkness a little. We can make green places within ourselves and among ourselves where God can make his Kingdom happen."
— The Clown in the Belfry

Lukrake dade van goedheid gee sin aan tyd

Wilhelm Jordaan

Vandat die mens 'n tydbewussyn ontwikkel het, word daar geworstel om tyd ordelik te verreken; as iets wat jy sigbaar kan meet, verdeel en benut.

Vandaar dinge soos sonwysers en kalenders. Én die baie soorte horlosies: meganiese ontwerpe wat tik en tak; pendulums wat heen en weer slinger; elektroniese toestelle met hul kwartsharte wat girts-girts en sonder opwen en sonder ophou tyd hou; en die hoogs akkurate, "stil" horlosies wat afhanklik is van atome se natuurlike vibrasies.

Sodat ons kan sien die tyd stap onverbiddelik aan; van die datumlose oerbegin tot die oomblik van nóú en weer nóú en weer nóú . . .

Die belangrikheid van dié soort belewenis en benutting van tyd spreek vanself. Dit waarborg 'n geskeduleerde, ordelike lewe, stiptelikheid, welvaartskepping en vooruitgang. Tog kla almal van tyd tot tyd: "Ek het net nie die tyd nie", of sê:

"Hiérvoor sal ek meer tyd moet maak."

Maar as 'n mens "tyd wil maak" uit die "tyd wat jy nie het nie", behoort ons anders oor tyd te dink, juis nou met die manier waarop Covid-19 ons van mekaar vervreem het. Soos die karakter Daniel Ziskind dit doen in Dara Horn se roman The World to Come:

"Time is created through deeds of true kindness. Days and hours and years are not time, but merely vessels for it, and too often they are empty. The world stands still, timeless and empty, until an act of generosity changes it in an instant and sends it soaring through arcs of rich seasons, moment after spinning moment of racing beauty. And then, with a single unkind deed, a single withheld hand, time ceases to exist."

Miskien is dit wat die Amerikaanse joernalis Anne Herbert in gedagte gehad het toe sy op 'n servet dié woorde geskryf het wat later (1993) 'n boektitel geword het: Random Kindness and Senseless- Acts of Beauty. Dit was na aanleiding van 'n frase wat die teendeel sê oor hoe die al-ledaagse lewe daar uitsien: "Random acts of violence- and senseless acts of cruelty."

Met die gewysigde titel as 'n wens vir die wêreld het Herbert die eenmalige onvervangbare oomblik in gedagte; die geleentheid wat nóú oor jou pad kom – om te sien deur die oë van 'n ander; te hoor deur die oor van 'n ander; en te voel deur die hart van 'n ander.

Dit is tyd wat ruimte skep waarin 'n ander mens – jou man, vrou, kind; vriend, vriendin, kollega; selfs 'n onbekende ander – lewensveranderend deur jou teenwoordigheid aangeraak word. Deur woord en gebaar én die stilte van net dáár-wees.

Wanneer ons sulke teenwoordigheid van mekaar weerhou, word tyd vernietig; maak ons die eenmalige oomblikke tot niet.

En só verban jy die ander tot 'n soort eensaamheid wat dan besweer word deur minute, ure, dae, maande en jare te vul met tydbehepte skedules en prestasie op prestasie.

** Jordaan is 'n emeritus-professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/lukrake-dade-van-goedheid-gee-sin-aan-tyd-20210105

"[Christians] must become, must be known as, the people who don't hold grudges, who don't sulk. We must be the people who know how to say "Sorry," and who know how to respond when other people say it to us. It is remarkable, once more, how difficult this still seems, considering how much time the Christian church has had to think about it and how much energy has been spent on expounding the New Testament, where the advice is all so clear. Perhaps it's because we have tried, if at all, to do it as though it were just a matter of obeying an artificial command--and then, finding it difficult, have stopped trying because nobody else seems to be very good at it either. Perhaps it might be different if we reminded ourselves frequently that we are preparing for life in God's new world, and that the death and resurrection of Jesus, which by baptism constitute our own new identity, offer us both the motivation and the energy to try again in a new way."

— N.T. Wright, Simply Christian: Why Christianity Makes Sense

---

Brood vir die pad

2021 noop ons om te bly hoop

Anton van Niekerk

Die jaar 2020 sal altyd met wrewel onthou word as die tyd van verwoestende wanhoop wat via 'n obskure organismetjie die lewens van miljoene mense wêreldwyd óf versuur, óf beëindig het.

Almal van ons het tans aan niks 'n groter behoefte nie as aan hoop.

Wat is hoop? Beskikbare ruimte laat slegs enkele opmerkings toe.

Die eerste is dat ons nie die fout moet maak om hoop gelyk te stel met optimisme nie. Hoop is nie een of ander utopiese bewussyn wat ons in staat stel om ons sensitiwiteite vir die boosheid in die hede te temper of af te skakel nie.

'n Utopia – afgelei van die Griekse "ou" (geen) en "topos" (plek) – is immers letterlik "geen plek" nie. Egte hoop is nie 'n fantasie of 'n passiewe "terugsit en wag vir beter dae" nie.

Hoop is tweedens ook nie 'n ontkenning van die wreedaardigheid en oënskynlike uitsigloosheid van ons duister hede nie.

Ons lewe in die hoop is soos die lewe van die Nederlanders in die laaste fase van die Tweede Wêreldoorlog. Elke dag het hulle hul radio's aangeskakel en geluister na die uitsendings wat vertel van die vordering van die Geallieerde magte op pad om die Duitse onderdrukkers oor die Ryn te verjaag. Die boodskap was altyd bemoedigend: "Byt net vas! Die oorwinning is seker! Die uitkoms is op hande!"

Maar wanneer hulle die radio afgeskakel en uitgestap het in die straat, het die wêreld nog net soos altyd gelyk. Daar was steeds geen kos op winkelrakke nie (mense het sagte boombas begin eet). Die winter het ysig koud gebly sonder hout of steenkool vir verwarming.

Die uitkoms bly steeds onsigbaar. Dis die predikament van ons lewe in die hoop.

Hoop is daarom allermins om 'n mens se oë te sluit en tevrede te wees met goedkoop troos vir die ellende rondom ons.

Om dit anders te stel: Hoop is iets anders as die troos van Pollyanna. Die ouer lesers sal miskien nog die rolprent van die sestigerjare onthou (gegrond op die roman van Eleanor Porter) waarin Hayley Mills die rol gespeel het van die altyd sonnige dogtertjie Pollyanna wat voortdurend die blink kant van elke probleem kon raaksien, en met oortuiging kon verkondig dat elke donker wolk 'n silwer randjie het.

Sosiaal-wetenskaplikes praat vandag nog van hierdie ingesteldheid as die sogenaamde Pollyanna Principle.

Ware hoop, met respek teenoor hierdie skattige dogtertjie, is nie ontkenning of naïewe optimisme nie. Egte hoop is die realistiese besef van ons predikament, maar ook ons opstand teen die kwaad wat die wêreld en ons lewens in die ban slaan en ons verhinder om te lewe soos ons oorspronklik bestem is.

Daar is 'n derde ding wat ons moet verstaan van gefundeerde hoop. Dit is dat dit hoop vir ons wêreld is, hier nou, soos ons dit elke dag beleef.

Dit geld veral ook van die Christelike hoop waarmee die meeste lesers waarskynlik identifiseer. Daardie hoop verplaas ons nie na 'n wêreld wat ons losskeur van die aarde waarop ons hier en nou leef, en waarvoor ons verantwoordelik is om te bewaar en te bewerk, soos God dit oorspronklike bedoel het, nie. Al is ons nie van die wêreld nie, leef ons in die wêreld en bou hier en nou aan die toekoms wat ontsluit is in die gebeure van kruis en opstanding.

Wat dan is ons hoop? Die Christelike hoop is nie in die eerste plek 'n mentaliteit of 'n gesindheid nie. Die Christelike hoop is in die eerste plek 'n Persoon en die toekoms wat aangebreek het in die lewe en sterwe van daardie Persoon. Op Hom kan ons hoop.

** Van Niekerk is 'n professor in filosofie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/2021-noop-ons-om-te-bly-hoop-20210104

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877